- Indien BERIGLOBIN P per ongeluk toegedien is binne-in 'n bloedvat. U kan 'n ernstige allergiese reaksie (anafilaktiese skok) ontwikkel. Hierdie reaksie word gesien as 'n val in bloeddruk en kortasem. U kan ook bloedklonte ontwikkel (trombo-emboliese voorval).
- Indien u vir die eerste keer menslike normale immunoglobulien ontvang.
- Indien u 'n ander produk vir behandeling van dieselfde simptome in die verlede ontvang het.
- Wanneer die behandeling vir langer as agt weke onderbreek was.

Ware hipersensitiwiteitsreaksies is raar. Dit kan voorkom in die baie seldsame gevalle van IgA gebrek met anti-IgA teenliggame. In hierdie geval behoort u met sorg behandel te word.

Selde kan BERIGLOBIN P 'n val in bloeddruk veroorsaak met anafilaktiese reaksie. Hierdie reaksie mag ook voorkom al het u vorige behandelings met menslike normale immunoglobulien verdra.

Trombo-emboliese voorvalle wat verband hou met onderhuidse vervangingsterapie:
Met die onderhuidse gebruik van hoë dosisse immunoglobuliene vir vervangingsterapie (bv. primêre immuniteitsgebreksindroom) is gevalle van bloedklonte gerapporteer (trombo-emboliese voorvalle). Dit kan hartaanvalle (miokardiale infarksie), beroerte, bloedklonte in die bene (diepaartrombose) en bloedklonte in die longare tot gevolg hê (pulmonêre embolisme).

As u enige van die bekende risiko faktore om bloedklonte te ontwikkel het, soos indien
- u oorgewig is,
- u bejaard is,
- u diabetes het,
- u bedlêend was vir 'n geruime tyd,
- u nou of reeds probleme met u bloedvate gehad het (vaskulêre siektes of verstopping van 'n vat),
- u nou of reeds probleme met niere gehad het,
- u hoë bloeddruk het,
- u aan enige siekte ly wat bloedverdikking veroorsaak,
- u ly aan 'n verhoogde geneigdheid vir bloedklontvorming (trombofilie).

Vertel asseblief u dokter of gesondheidsorgdeskundige as een of meer van die bogenoemde gevalle op u van toepassing is, voor hoë-dosis onderhuidse behandeling met BERIGLOBIN P.

Die eerste simptome van bloedklont vorming kan die volgende insluit: kortasem, pyn en swelling van 'n ledemaat, ongevoeligheid of swakheid in 'n arm of been of een kant van u gesig, skielike verwarring, moeilike spraak of verstaan asook bors pyn. Kontak asseblief dadelik u dokter, as u enige van hierdie simptome ondervind. Maak asseblief seker dat u genoegsame water ingeneem het voor hoë-dosis onderhuidse behandeling met BERIGLOBIN P.

Moontlike komplikasies kan dikwels vermy word deur te verseker dat:
- u nie sensitief is vir menslike normale immunoglobulien nie. Die produk behoort aanvanklik stadig ingespuit te word. Die aanbevole infusietempo behoort gevolg te word (sien "HOE OM BERIGLOBIN P TE GEBRUIK").
- u versigtig gemonitor word vir enige simptome gedurende die infusieperiode, veral as
  - u menslike normale immunoglobulien vir die eerste keer ontvang,
  - u verander het vanaf 'n alternatiewe produk, of
  - daar 'n lang tussenpose was sedert die vorige infusie.

In hierdie gevalle behoort u gemonitor te word gedurende die eerste infusie en vir die eerste uur daarna. Alle ander pasiënte behoort waargeneem te word vir ten minste 20 minute na toediening.

As 'n allergiese of anafilaktiese reaksie vermoed word, moet die toediening dadelik gestaak word. In geval van skok moet die huidige mediese standaardbehandeling vir skok toegepas word.

Inligting oor die veiligheid ten opsigte van infeksies:
Wanneer medisyne voorberei word uit menslike bloed of plasma word sekere voorsorgmaatreëls in plek gestel om te verhoed dat infeksies oorgedra word aan pasiënte. Hierdie sluit in:
- Versigtige seleksie van bloed- en plasmaskenkers om seker te maak dat dié wat 'n risiko het om infeksies te dra, uitgesluit word, en
- Die toetsing van elke skenking en plasma samevoegings vir tekens van virusse/infeksies.

Vervaardigers van hierdie produkte sluit ook stappe in gedurende die verwerking van die bloed of plasma wat virusse kan inaktiveer of kan verwyder. Ten spyte van hierdie maatreëls, kan die moontlikheid dat infeksies oorgedra kan word tydens toediening van medisyne wat voorberei is van menslike bloed of plasma, nie heeltemal uitgesluit word nie. Dit geld ook vir enige onbekende of nuwe virusse of ander tipes infeksie.
Die maatreëls wat geneem word, word as voldoende beskou vir omhulde virusse soos menslike immuniteitsgebreksvirus (MIV, die VIGS virus) hepatitis B virus en hepatitis C virus (lewer inflammasie), en vir die nie-omhulde hepatitis A virus en parvovirus B19 (Sticker se siekte). Immunoglobuliene is nog nie geassosieer met hepatitis A of parvovirus B19 infeksies nie, moontlik omdat die teenliggame teen hierdie infeksies, wat in die produk vervat is, beskermend is.

Elke keer as u BERIGLOBIN P gebruik behoort u die volgende in u behandelingsdagboek aan te teken:
- die datum van toediening
- die lotnommer van die produk
- die volume wat ingespuit is.

Die gebruik van BERIGLOBIN P met voedsel en drank:
BERIGLOBIN P kan gebruik word sonder om voedsel en drank in ag te neem.

Swangerskap en borsvoeding:
- Vra u dokter of apteker vir advies voordat u enige medisyne neem indien u swanger is of u baba borsvoed.
- Die veiligheid van BERIGLOBIN P vir gebruik in menslike swangerskap is nog nie vasgestel nie.
- Kliniese ondervinding met immunoglobuliene dui daarop dat daar geen skadelike gevolge op die verloop van swangerskap, of op die fetus en die neonaat te verwagte is nie.
- U dokter sal besluit of dit geskik is vir u om BERIGLOBIN P te ontvang indien u swanger is of u baba borsvoed.

Indien u swanger is of u baba borsvoed terwyl u BERIGLOBIN P gebruik raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige om advies.

Bestuur en gebruik van masjinerie:
BERIGLOBIN P behoort nie 'n invloed te hê op u vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik nie.

Belangrike inligting omtrent sommige van die bestanddele van BERIGLOBIN P:
BERIGLOBIN P bevat tot soveel as 110 mg natrium per dosis (75 kg liggaamsgewig) as die maksimum daaglikse dosis gegee word (11,25 g = 70,3 ml). Hierdie behoort in aanmerking geneem te word indien u op 'n gekontroleerde natrium dieet is.

Gebruik van ander medisynes saam met BERIGLOBIN P:
- Vra asseblief u dokter of apteker vir advies indien u tans of onlangs enige ander medisyne, insluitend inentings of medisyne wat verkry is sonder voorskrif, gebruik het.
- U moet nie hierdie medisinale produk met ander medisinale produkte, oplosmiddels of verdunningsmiddels meng nie.
- Die resultate van sommige bloedtoetse kan beïnvloed word deur BERIGLOBIN P. As u binnekort enige tipe bloedtoetse moet ondergaan, maak seker dat die dokter wat u behandel weet dat u BERIGLOBIN P ontvang.
- Indien u enige ander medisyne op 'n gereelde grondslag gebruik, insluitend komplementêre of tradisionele medisyne, kan die gelyktydige gebruik van BERIGLOBIN P saam met die hierdie medisynes ongewensde interaksies veroorsaak. Raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies.

HOE OM BERIGLOBIN P TE GEBRUIK
Gebruik altyd BERIGLOBIN P presies soos u dokter u ingelig het. U moet u dokter of apteker raadpleeg as u onseker is.

Dosis:
Die dosis en intervalle van infusie hang af van die indikasie.

Vervangingsterapie:
Die produk behoort via die onderhuidse roete toegedien te word.
Gebruik altyd BERIGLOBIN P presies soos u dokter u ingelig het. U moet u dokter of apteker raadpleeg indien u onseker is.
U dokter sal die korrekte dosis vir u uitwerk en u gewig en respons op die behandeling in ag neem.
'n Ladingsdosis van ten minste 1,3 tot 3,1 ml/kg liggaamsgewig – verdeel oor verskeie dae – mag nodig wees. Daaropvolgend kan instandhoudingsdosisse toegedien word (tipies weekliks) om 'n kumulatiewe maandelikse dosis van omtrent 2,5 tot 5,0 ml per kg liggaamsgewig te bereik.

Hepatitis A voorkoming:
Die produk moet via die binnespierse roete toegedien word.
- Korttermyn voorkoming in reisigers wat minder as twee weke voor moontlike blootstelling aanmeld:
  Vir 'n verblyf in endemiese gebiede van minder as drie maande, word 'n dosis van 0,003 tot 0,004 g/kg (0,02 ml/kg) liggaamsgewig binnespiers toegedien, aanbeveel.
  BERIGLOBIN P kan in kombinasie met 'n hepatitis A entstof gegee word, maar op verskillende toedieningsareas van die liggaam.
- Hepatitis A voorkoming in persone wat vir minder as twee weke gelede blootgestel was: 0,003 tot 0,004 g/kg (0,02 ml/kg) liggaamsgewig, binnespiers toegedien.

Behandeling van radiogeniese mukositis:
Die produk moet via die binnespierse roete toegedien word.
Aanvanklik 10 ml (1 600 mg), na 2 dae 5 ml (800 mg) en na nog 2 dae weer 5 ml (800 mg).
Die behandeling kan so dikwels as nodig herhaal word.

Toediening:
BERIGLOBIN P is 'n gereed-vir-gebruik oplossing en behoort teen liggaamstemperatuur toegedien te word.
BERIGLOBIN P is 'n helder oplossing. Die kleur kan wissel van kleurloos tot liggeel of ligbruin.
Moet nie oplossings wat troebel is of wat reste (afsaksels/deeltjies) bevat gebruik nie.
Die oplossing moet teen liggaamstemperatuur toegedien te word.
Afhangende van die indikasie moet menslike normale immunoglobulien via die onderhuidse- of binnespierse roetes toegedien word.
Onderhuidse infusie vir tuisbehandeling behoort begin te word deur 'n dokter wat ervare is in die voorligting van pasiënte vir tuisbehandeling.
U sal ingelig word in die gebruik van 'n spuitaandrywer, infusietegnieke, die hou van 'n behandelingsdagboek en die maatreëls wat gevolg moet word in die geval van ernstige ongewenste gebeurtenisse. Binnespierse inspuiting moet deur 'n dokter of verpleegkundige gegee word.
Moet nie binneaars inspuit nie! Let daarop dat daar 'n vergrootte kans van 'n onopsetlike binneaarse inspuiting is by pasiënte wat herhaaldelike binnespierse inspuitings ontvang het.

Onderhuidse toediening:
Onderhuidse infusie vir tuisbehandeling behoort begin en gemonitor te word deur 'n mediese dokter wat ervare is in die behandeling van immuniteitsgebrekke en in die voorligting van pasiënte vir tuisbehandeling. U sal ingelig word in:
- die gebruik van 'n spuitaandrywer,
- die infusietegnieke,
- die hou van 'n behandelingsdagboek en
- maatreëls wat geneem moet word in die geval van ernstige ongewenste gebeurtenisse.

Die aanbevole infusietempo is 22 ml/uur. In 'n kliniese studie met 53 pasiënte wat geëvalueer is, gedurende die opleidingsfase onder die toesig van 'n mediese dokter, is die infusietempo vermeerder van die aanvanklike 10 ml tot 22 ml/uur.
BERIGLOBIN P behoort verkieslik toegedien te word in die buikwand, dy en/of boudspiere. Nie meer as 15 ml behoort ingespuit te word in 'n enkele toedieningsarea nie. Dosisse groter as 15 ml behoort verdeel te word en in 2 of meer toedieningsareas ingespuit word.
U dokter sal u inlig hoe om ongebruikte produk of afval materiaal weg te gooi.

Binnespierse toediening:
Binnespierse inspuiting moet deur 'n mediese dokter of 'n verpleegkundige gegee word.

BERIGLOBIN P behoort verkieslik in die heupspier toegedien word terwyl die pasiënt lê. Wanneer groot dosisse nodig is, word aanbeveel dat dit in verdeelde hoeveelhede toegedien word. Dit is van toepassing in die geval van dosisse meer as 2 ml vir kinders wat tot en met 20 kg weeg en dosisse meer as 5 ml vir pasiënte wat meer as 20 kg weeg.
Enige ongebruikte produk of afval materiaal behoort weggegooi te word in ooreenstemming met die plaaslike voorskrifte.

Indien u onder die indruk is dat die werking van BERIGLOBIN P te sterk of te swak is, praat met u dokter of apteker.

Indien u meer BERIGLOBIN P gebruik as wat u behoort:
Daar is geen bekende simptome van oordosering nie.
In die geval van oordosering raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, soek hulp by die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

Indien u vergeet om BERIGLOBIN P te gebruik:
Die gevolge van 'n oorgeslane dosis is nie bekend nie.

Gevolge wanneer behandeling met BERIGLOBIN P gestaak word:
U behoort geen effekte te ervaar wanneer behandeling met BERIGLOBIN P gestaak word nie. Raadpleeg asseblief u dokter of apteker voordat behandeling gestaak word.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
Soos alle medisynes kan BERIGLOBIN P newe-effekte hê, alhoewel nie almal hulle kry nie. Raadpleeg asseblief dadelik u dokter of gaan dadelik na die Ongevalle Afdeling by u naaste hospitaal indien enige van die gelyste newe-effekte voorkom, of indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blaadjie gelys is nie.

Die volgende ongewenste effekte is gerapporteer gedurende 'n kliniese studie met onderhuidse toediening:

Lokale reaksies by die inspuitingsarea:
Baie algemeen, m.a.w. meer as 1 uit 10 behandelde persone: Swelling, seerheid, rooiheid, verharding, lokale warm gevoel, jeuk, kneusing of uitslag. Die gereeldheid van hierdie lokale reaksies het baie vinnig afgeneem binne die eerste tien infusies, toe pasiënte gewoond geraak het aan hierdie vorm van behandeling.

Immuunsisteem versteurings:
In enkele gevalle, m.a.w. minder as 1 uit of 10 000 behandelde persone: Allergiese reaksies insluitend bloeddruk daling.

Algemene reaksies:
In enkele gevalle, m.a.w. minder as 1 uit of 10 000 behandelde persone: bv. Kouekoors, koors, hoofpyn, algemene siek gevoel, matige rugpyn, bewusteloosheid, lighoofdigheid, uitslag, aamborstigheid.

Aanvullend tot die reaksies wat waargeneem is gedurende kliniese studies is die volgende ongewenste reaksies gerapporteer nadat die produk op die mark gesit is:

Immuunsisteem versteurings:
Allergiese/anafilaktiese reaksies insluitend moeilike asemhaling en vel reaksies. In geïsoleerde gevalle kan hierdie reaksies lei tot 'n ernstige allergiese reaksie (anafilaktiese skok). Hierdie kan gebeur selfs al het u vorige toedienings van BERIGLOBIN P of 'n soortgelyke produk goed verdra.

Algemene reaksies:
Algemene reaksies wat die hele liggaam betrek, bv. Naarheid, braking, gewrigspyn.

Hart en vaskulêre versteurings:
Bloedsomloop versteurings veral wanneer die produk per ongeluk in 'n bloedvat ingespuit is.

Met die onderhuidse gebruik van hoë dosisse van immunoglobuliene vir vervangingsterapie (bv. primêre immuniteitsgebreksindroom) en vir vaskulêre siektes: Vorming van ongewenste bloedklonte (arteriële en veneuse trombo-emboliese gebeurtenisse) is gerapporteer. Simptome van hierdie kan insluit:
- ernstige borspyn of drukking op die bors (hartaanval)
- swakheid, verlamming of ongevoeligheid aan die een kant van die liggaam, sigsverlies in een of albei oë, moeilike spraak (beroerte)
- hoes, borspyn, vinnige asemhaling, vinnige hart klop (pulmonêre embolisme)
- swelling, pyn, rooiheid van die been (diepaartrombose)

Nie alle newe-effekte gerapporteer vir hierdie medisyne is ingesluit in hierdie blaadjie nie. Indien u algemene gesondheid verswak terwyl u hierdie medisyne neem, raadpleeg asseblief u doktor, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies.

BERGINGSINSTRUKSIES
Moet nie BERIGLOBIN P gebruik na die vervaldatum wat op die etiket en karton aangebring is nie.
- Bewaar in 'n yskas (+2 °C tot +8 °C) en hou die houer in die buitenste karton om dit teen lig te beskerm. Moet nie vries nie!
- Die produk moet visueel ondersoek word voor toediening en moet nie gebruik word indien daar enige afwyking is in die fisiese voorkoms nie (sien onder "AANBIEDING VAN BERIGLOBIN P" en "IDENTIFIKASIE VAN BERIGLOBIN P"
- Sodra 'n houer oopgemaak is moet die inhoud dadelik gebruik word.
- Hou alle medisyne buite die bereik en sig van kinders.
- Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker toe.

AANBIEDINGE VAN BERIGLOBIN® P
Beriglobin® P 2 ml: 'n Enkel dosis 2 ml helder glas ampule verpak in 'n karton.
Beriglobin® P 2 ml: 'n Enkel dosis 2 ml voorafgevulde spuit verpak in 'n karton.
Beriglobin® P 5 ml: 'n Enkel dosis 5 ml helder glas ampule verpak in 'n karton.
Beriglobin® P 5 ml: 'n Enkel dosis 5 ml voorafgevulde spuit verpak in 'n karton.

IDENTIFIKASIE VAN BERIGLOBIN® P
Beriglobin® P is 'n helder, kleurlose tot liggeel tot ligbruin oplossing.

REGISTRASIENOMMERS / VERWYSINGSNOMMERS
Beriglobin® P 2 ml:
T/30.2/608
11/30.2/0037 (Namibië)

Beriglobin® P 5 ml:
T/30.2/609
11/30.2/0038 (Namibië)

NAAM EN ADRES VAN REGISTRASIEHOUER
Actor Pharma (Edms) Bpk[1]
Eenheid 7, Royal Palm Sake Landgoed
Washingtonstraat 646
Halfway House
Midrand, 1685
Gauteng, Suid-Afrika

Namens: CSL Behring GmbH, 35041 Marburg, Duitsland

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PASIËNT INLIGTINGSBLAD
15 Oktober 2012

® – **Beriglobin® P** is 'n geregistreerde handelsmerk van CSL Behring.

[1]Maatskappyregistrasienommer: 2008/008787/07

BER/PIL/01/05.2018

CSL Behring

SKEDULERINGSTATUS S4

NS2 (Namibië)

EIENDOMSNAME EN DOSEERVORM

Beriglobin® P 2 ml.

Oplossing vir inspuiting vir subkutane of intramuskulêre toediening.

Beriglobin® P 5 ml.

Oplossing vir inspuiting vir subkutane of intramuskulêre toediening.

SAMESTELLING
1 ml bevat:
Menslike proteïen 160,0 mg
waarvan immunoglobulien G ten minste 95 %
Verspreiding van IgG subklasse:
IgG_1 ongeveer 61 %
IgG_2 ongeveer 28 %
IgG_3 ongeveer 5 %
IgG_4 ongeveer 6 %
IgA maks. 1,7 mg/ml
Teenliggame teen hepatitis A virus ten minste 100 IU.

Ander bestanddele:
Aminoasynsuur (glisien); natriumchloried; HCl of NaOH (in klein hoeveelhede vir pH aanpassings); water vir inspuiting.

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE
A.30.1 Biologiese middels – Teenliggame.

FARMAKOLOGIESE WERKING
Farmakodinamiese eienskappe:
Normale menslike immunoglobulien bevat hoofsaaklik immunoglobulien G (IgG) wat 'n breë spektrum teenliggame teen verskeie aansteeklike agente bevat. BERIGLOBIN P bevat die immunoglobulien G teenliggame wat voorkom in die gesonde bevolking. Dit word gewoonlik voorberei vanuit 'n plasmasamestelling van ten minste 1 000 skenkers. Dit het 'n verspreiding van immunoglobulien G subklasse wat nou ooreenstem met die wat in natuurlike menslike plasma voorkom. Genoegsame dosisse van hierdie medisinale produk kan abnormaal lae immunoglobulien G vlakke herstel tot binne die normale grense.

Farmakokinetiese eienskappe:
Met subkutane toediening van normale menslike immunoglobulien, word piekvlakke in die pasiënt se bloedsomloop bereik na ongeveer 2 dae.
Data verkry uit 'n kliniese studie (n = 60) wys dat trogvlakke van omtrent 8 tot 9 g/l (n = 53) in die plasma in stand gehou kan word deur weeklikse dosisse van tussen 0,05 en 0,15 g (0,3 tot 0,9 ml) BERIGLOBIN P per kg liggaamsgewig. Dit is gelykstaande aan 'n maandelikse kumulatiewe dosis van 0,2 tot 0,6 g per kg liggaamsgewig.
Met intramuskulêre toediening is BERIGLOBIN P biobeskikbaar in die pasiënt se bloedsomloop na 'n vertraging van omtrent 2 tot 3 dae.
IgG en IgG-komplekse word afgebreek in die selle van die retikuloëndoteliale sisteem.

INDIKASIES
Vervangingsterapie in volwassenes en kinders in primêre immuunontoereikendheid sindroom soos bv.:
- Aangebore agammaglobulinemie en hipogammaglobulinemie, insluitend die wat deur behandeling veroorsaak is.
- Algemene veranderlike immuunontoereikendheid.
- Ernstige gekombineerde immuunontoereikendheid.
- IgG subklas-ontoereikendheid met herhalende infeksies.

Vervangingsterapie in myeloom of kroniese limfositiese leukemie met ernstige sekondêre hipogammaglobulinemie en herhalende infeksies.

Hepatitis A voorkoming:
- In reisigers wat minder as twee weke voor moontlike blootstelling aanmeld, verkieslik in kombinasie met inenting.
  Vir langtermyn hepatitis A voorkoming word aktiewe immunisasie aanbeveel.
- In persone wat minder as 2 weke gelede blootgestel is.

Behandeling van radiogeniese mukositis

KONTRA-INDIKASIES
Hipersensitiwiteit vir enige van die bestanddele van die produk.
BERIGLOBIN P moet nie intramuskulêr toegedien word in gevalle van afwykings van hemostase nie.

WAARSKUWINGS
Moet nie intravaskulêr inspuit nie!
Indien BERIGLOBIN P per ongeluk in 'n bloedvat toegedien word, kan die pasiënt skok of 'n trombo-emboliese gebeurtenis ontwikkel. Tydens intramuskulêre toediening word dit aanbeveel dat daar deur opsuiging seker gemaak word dat geen vat binnegedring is nie.
Die aanbevole infusie tempo onder "DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS" moet gevolg word.

INTERAKSIES
Lewendige verswakte virus entstof:
Immunoglobulien toediening mag die doeltreffendheid van lewende verswakte virus entstowwe soos masels, Duitse masels, pampoentjies en waterpokkies vir 'n periode van ten minste ses weke tot drie maande belemmer.
Na BERIGLOBIN P toediening moet 'n tussenpose van ten minste drie maande verby gaan voor inenting met lewende verswakte virus entstowwe. In die geval van masels kan die belemmering van doeltreffendheid vir een jaar duur, daarom moet pasiënte wat masels inentings ontvang hulle teenliggaamstatus laat nagaan.

Steurings met serologiese toetsing:
Wanneer serologiese toetsuitslae interpreteer word, moet dit in ag geneem word dat die verbygaande verhoging van teenliggame wat passief oorgedra is na immunoglobulien inspuiting, positiewe toetsresultate tot gevolg kan hê.
Passiewe oordrag van teenliggame tot rooibloedsel antigene bv. A, B en D kan sekere serologiese toetse vir rooibloedsel allo-teenliggame (bv. Coombs toets), retikulosiet telling en haptoglobin beïnvloed.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE
Daar is geen gekontroleerde kliniese proewe gedoen op die gebruik in menslike swangerskap nie. Daarom moet die toediening van hierdie medisinale produk aan swanger vroue en borsvoedende moeders versigtig oorweeg word.
Langdurige kliniese ondervinding met immunoglobuliene dui daarop dat geen nadelige effekte op die verloop van swangerskap of op die fetus en die pasgebore baba verwag word nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Dosis:
Die dosis en tussenposes van infusie hang van die indikasie af.

Vervangingsterapie:
Die produk behoort via die subkutane roete toegedien te word.
Dit mag nodig wees om die dosis te individualiseer vir elke pasiënt afhangende van die farmakokinetiese en kliniese reaksie. Die volgende doseringsregimen is 'n basiese riglyn:
Die doseringsregimen vir subkutane toediening behoort 'n standhoudende vlak van IgG te verkry. 'n Ladingsdosis van ten minste 0,2 tot 0,5 g/kg (1,3 tot 3,1 ml/kg) liggaamsgewig mag nodig wees – verdeel oor 'n paar dae met 'n maksimale daaglikse dosis van 0,1 tot 0,15 g/kg liggaamsgewig en soos voorgeskryf deur die behandelende dokter.
Nadat konstante IgG vlakke verkry is, moet instandhoudingsdosisse toegedien word met herhaalde tussenposes, verkieslik weekliks, om 'n kumulatiewe maandelikse dosis in die orde van 0,4 tot 0,8 g/kg (2,5 tot 5,0 ml/kg) liggaamsgewig te bereik.
Trogvlakke moet bepaal word om die dosis en tussenposes tussen dosisse aan te pas.

Hepatitis A voorkoming:
Die produk moet via die intramuskulêre roete toegedien word.
- Kort-termyn voorkoming in reisigers wat minder as twee weke voor moontlike blootstelling aanmeld:
  Vir 'n verblyf in 'n endemiese gebied van minder as drie maande, word 'n dosis van 0,003 tot 0,004 g/kg (0,02 ml/kg) liggaamsgewig intramuskulêr toegedien aanbeveel.
  BERIGLOBIN P kan in kombinasie met 'n hepatitis A entstof toegedien word, maar op verskillende toedieningsareas van die liggaam.
- Hepatitis A voorkoming in pasiënte wat vir minder as twee weke blootgestel was: 0,003 tot 0,004 g/kg (0,02 ml/kg) liggaamsgewig intramuskulêr toegedien.

Behandeling van radiogeniese mukositis:
Die produk moet via die intramuskulêre roete toegedien word.
Aanvanklik 10 ml (1 600 mg), na 2 dae 5 ml (800 mg) en na nog 2 dae weer 5 ml (800 mg).
Die behandeling kan so dikwels as nodig herhaal word.

Toediening:
BERIGLOBIN P is 'n gereed-vir-gebruik oplossing en behoort teen liggaamstemperatuur toegedien te word.
BERIGLOBIN P is 'n helder oplossing. Die kleur kan wissel van kleurloos tot liggeel tot by ligbruin.
Moet nie oplossings wat troebel is of wat afsaksels/partikels bevat gebruik nie.
Die produk moet met die oog ondersoek word voor toediening en moet nie gebruik word as daar enige afwyking in die fisiese voorkoms is nie.

Metode van toediening:
Afhangende van die indikasie moet BERIGLOBIN P subkutaan of intramuskulêr toegedien word.

Subkutane toediening:
Subkutane infusie moet deur 'n mediese dokter, wat ondervinding het in die behandeling van immuunontoereikendheid en in die voorligting van pasiënte wat tuisbehandeling ondergaan, begin en gemonitor word. Die pasiënt sal ingelig word in die gebruik van 'n spuitaandrywer, die infusiemetodes, die hou van 'n behandelingsdagboek en die maatreëls wat gevolg moet word in die geval van ernstige ongewenste gebeurtenisse. Die aanbevole infusietempo is 22 ml/uur. In 'n kliniese studie met 53 pasiënte wat geevalueer is, gedurende die opleidingsfase onder die toesig van 'n mediese dokter, is die infusietempo vermeerder van aanvanklik 10 ml tot 22 ml/uur.
Moet nie intravaskulêr inspuit nie! Let daarop dat daar 'n vergrote kans van 'n onopsetlike intravaskulêre toediening is by pasiënte wat reeds herhaalde intramuskulêre inspuitings ontvang het.
Die produk moet verkieslik toegedien word in die buikwand, dy en/of boudspier. Nie meer as 15 ml moet ingespuit word in 'n enkele toedieningsarea nie. Dosisse meer as 15 ml moet verdeel word en in 2 of meer toedieningsareas ingespuit word.

Intramuskulêre toediening:
Intramuskulêre inspuiting moet deur 'n mediese dokter of 'n verpleegkundige toegedien word. Die produk moet verkieslik ventrogluteaal toegedien word terwyl die pasiënt lê. Indien groter dosisse benodig word, word aanbeveel dat dit in verdeelde hoeveelhede toegedien word. Hierdie is van toepassing in die geval van dosisse meer as 2 ml vir pasiënte met 'n liggaamsgewig van tot en met 20 kg en dosisse meer as 5 ml vir pasiënte met 'n liggaamsgewig van meer as 20 kg.
Moet nie intravaskulêr inspuit nie! Let daarop dat daar 'n verhoogde kans van 'n onopsetlike intravaskulêre inspuiting is by pasiënte wat herhaaldelike intramuskulêre inspuitings ontvang het.

Enige ongebruikte produk of afval materiaal moet weggegooi word in ooreenstemming met die plaaslike voorskrifte.

NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
In 'n kliniese studie met subkutane toediening in 60 pasiënte is die volgende ongewenste effekte aangemeld.
Die volgende standaard kategorieë van frekwensies word gebruik:

Baie algemeen	> 1/10
Algemeen	> 1/100 en < 1/10
Buitengewoon	> 1/1 000 en <1/100
Seldsaam	> 1/10 000 en < 1/1 000
Baie seldsaam	< 1/10 000(insluitend aangemelde enkele gevalle)

Liggaam as 'n geheel – algemene steurings:
Seldsaam: In enkele gevalle: Algemene reaksies soos kouekoors, koors, hoofpyn, ongesteldheid, matige rugpyn, sinkopee, duiseligheid, uitslag, brongospasma. Allergiese reaksies insluitend 'n daling in bloeddruk.

Toediening-area steurings:
Baie algemeen: Swelling, gevoeligheid, rooiheid, verharding, lokale hitte, jeuk, kneusing of uitslag.
Die frekwensie het baie vinnig afgeneem binne die eerste tien infusies toe pasiënte gewoond geraak het aan die subkutane behandelingsvorm. (By studiepasiënte wat behandel was met subkutane immunoglobulien vir jare voor die studie begin het, is geen toedieningsarea steurings aangemeld nie.)

Ongewenste reaksies wat na registrasie aangemeld is, is soortgelyk aan die reaksies wat ook gedurende kliniese studies waargeneem is. Daarbenewens is die volgende ook aangemeld na registrasie:

Kardiovaskulêre steurings, algemeen:
Buitengewoon: Kardiovaskulêre steurings veral indien die produk onopsetlik intravaskulêr toegedien was.

Vaskulêre (nie-kardiale) steurings:
Buitengewoon: Vaskulêre versteurings wat verband hou met subkutane vervangingsterapie: Pasiënte wat subkutane behandeling met hoë dosisse immunoglobulien vir vervangingsterapie ontvang het (bv. primêre immuunontoereikendheid sindroom) het aangemeld dat hulle arteriële en veneuse trombo-emboliese gebeurtenisse gehad het insluitend miokardiale infarksie, beroerte, diep veneuse trombose en pulmonêre embolisme.

Liggaam as 'n geheel – algemene steurings:
Buitengewoon: Allergiese/anafilaktiese reaksies insluitend dispnee, velreaksies, in geïsoleerde gevalle kan tot anafilaktiese skok voorkom, selfs wanneer die pasiënt geen hipersensitiwiteit getoon het met vorige toedienings nie. Algemene versteurings soos naarheid, braking en artralgie.

Spesiale voorsorgmaatreëls:
Moet nie intravaskulêr inspuit nie! As BERIGLOBIN P per ongeluk in 'n bloedvat toegedien word kan pasiënte skok ontwikkel. Tydens intramuskulêre toediening word dit aanbeveel dat daar deur opsuiging seker gemaak word dat geen vat binnegedring is nie.
Die aanbevole infusietempo aangegee onder "DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS" moet gevolg word. Pasiënte moet goed gemonitor en versigtig waargeneem word vir enige ongewenste gebeurtenis gedurende die infusieperiode.
Sekere ongewenste reaksies kan meer dikwels voorkom in pasiënte wat menslike normale immunoglobulien vir die eerste keer ontvang, of, in seldsame gevalle, wanneer die produk verander word of wanneer die behandeling gestaak was vir meer as agt weke.
Ware hipersensitiwiteitsreaksies kom selde voor. Dit kom net voor in baie seldsame gevalle van IgA ontoereikendheid met anti-IgA teenliggame en hierdie pasiënte moet met versigtigheid behandel word.

In seldsame gevalle kan BERIGLOBIN P 'n daling in bloeddruk met anafilaktiese reaksies veroorsaak, selfs in pasiënte wat vorige toedienings van menslike normale immunoglobulien verdra het.

Moontlike komplikasies kan gewoonlik vermy word deur te verseker dat:
- pasiënte nie 'n sensitiwiteit vir BERIGLOBIN P het nie, deur eers die produk stadig in te spuit (sien ook "DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS").
- pasiënte versigtig gemonitor word vir enige simptome gedurende die infusieperiode.

In die besonder behoort pasiënte gedurende die eerste infusie en vir die eerste uur daarna gemonitor word om enige potensiële ongewenste reaksies in die volgende gevalle waar te neem:
- pasiënte wat nog nooit normale menslike immunoglobulien ontvang het nie
- pasiënte wat van 'n alternatiewe produk verander is, of
- pasiënte waar daar 'n lang tussenpose sedert die vorige infusie was.

Alle ander pasiënte behoort ten minste 20 minute waargeneem te word na toediening. Indien daar 'n vermoede is van 'n allergiese of anafilaktiese reaksie moet die toediening onmiddellik gestaak word. In die geval van skok moet die huidige mediese standaardbehandeling vir skok toegepas word.

Trombo-emboliese gebeurtenisse wat verband hou met subkutane vervangingsterapie:
Daar is 'n verband tussen arteriële en veneuse trombo-emboliese gebeurtenisse insluitend miokardiale infarksie, beroerte, diep veneuse trombose en pulmonêre embolisme wanneer hoë dosisse immunoglobulien vir vervangingsterapie (bv. primêre immuunontoereikendheid sindroom) subkutaan toegedien word. BERIGLOBIN P vir subkutane vervangingsterapie moet met versigtigheid voorgeskryf word by pasiënte met vooraf bestaande risiko faktore vir trombotiese gebeurtenisse (soos gevorderde ouderdom, hipertensie, diabetes mellitus en 'n geskiedenis van vaskulêre siekte of trombotiese episodes, pasiënte met verworwe of oorgeërfde trombofiliese afwykings, pasiënte wat vir verlengde tydperke onbeweeglik was, pasiënte met ernstige hipovolemie, pasiënte met siektes wat bloed viskositeit verhoog). Hierdie pasiënte moet eers ingelig word aangaande die eerste simptome van trombo-emboliese gebeurtenisse insluitend kortasem, pyn of swelling van 'n liggaamsdeel, senuweeversteurings in spesifieke liggaamsdele en borspyn en moet aangeraai word om hulle dokter dadelik te kontak sodra enige van die simptome 'n aanvang neem. Sulke pasiënte moet genoegsaam gehidreer word voordat BERIGLOBIN P gebruik word.

Belangrike inligting omtrent sekere bestanddele van BERIGLOBIN P:
Die produk bevat tot soveel as 110 mg natrium per dosis (75 kg liggaamsgewig) as die maksimum daaglikse dosis (11,25 g = 70,3 ml) toegedien word. Die natriuminhoud moet oorweeg word by pasiënte wat op 'n gekontroleerde natrium dieet is.

Virus veiligheid:
Standaard maatreëls vir die voorkoming van infeksies veroorsaak deur die gebruik van medisinale produkte wat uit menslike bloed of plasma voorberei is, sluit in die seleksie van skenkers, toetsing van individuele skenkings en plasma-poele vir spesifieke merkers van infeksie en die insluiting van effektiewe vervaardigingstappe vir die inaktivering/verwydering van virusse. Ten spyte hiervan kan die moontlike oordrag van besmetlike agente nie heeltemal uitgesluit word wanneer medisinale produkte wat voorberei is uit menslike bloed of plasma toegedien word nie. Dit is ook van toepassing op onbekende of nuwe virusse en ander patogene.
Die toegepaste maatreëls word as voldoende beskou vir omhulde virusse soos MIV, HBV en HCV, en vir die nie-omhulde virusse HAV en parvovirus B19.
Uit kliniese ondervinding is dit gerusstellend dat daar geen hepatitis A of parvovirus B19 oordrag was deur immunoglobulien toediening nie en dit word ook aanvaar dat die teenliggaaminhoud 'n belangrike rol speel in die virus veiligheid.
In die belang van pasiënte word dit sterk aanbeveel dat elke keer wanneer BERIGLOBIN P toegedien word, die naam en lotnommer van die produk aangeteken word, sodat daar 'n verband behou kan word tussen die pasiënt en die lot van die produk.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN
Daar is geen bekende simptome van oordosering nie.

IDENTIFIKASIE
Oplossing vir inspuiting vir subkutane of intramuskulêre toediening.
Beriglobin® P is 'n helder oplossing. Die kleur kan varieer van kleurloos tot liggeel tot ligbruin oplossing gedurende die rakleeftyd.

AANBIEDINGE
Beriglobin® P 2 ml: 'n Enkel dosis 2 ml helder glas ampule verpak in 'n karton.
Beriglobin® P 2 ml: 'n Enkel dosis 2 ml voorafgevulde spuit verpak in 'n karton.
Beriglobin® P 5 ml: 'n Enkel dosis 5 ml helder glas ampule verpak in 'n karton.
Beriglobin® P 5 ml: 'n Enkel dosis 5 ml voorafgevulde spuit verpak in 'n karton.

BERGINGSINSTRUKSIES
Berg in 'n yskas teen 5 °C ± 3 °C in die karton om dit te beskerm teen lig.
Moet nie vries nie!
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMERS
Beriglobin® P 2 ml:
T/30.2/608
11/30.2/0037 (Namibië)

Beriglobin® P 5 ml:
T/30.2/609
11/30.2/0038 (Namibië)

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKATE
Actor Pharma (Edms) Bpk[1]
Eenheid 7, Royal Palm Sake Landgoed
Washingtonstraat 646
Halfway House
Midrand, 1685
Gauteng, Suid-Afrika

Namens: CSL Behring GmbH, 35041 Marburg, Duitsland

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET
Die datum op die registrasie sertifikaat van BERIGLOBIN P: 09 September 1992
Die datum van die mees onlangs hersiene voubiljet soos deur die Raad goedgekeur: 15 Oktober 2012.

® – **Beriglobin® P** is 'n geregistreerde handelsmerk van CSL Behring.

[1]Maatskappyregistrasienommer: 2008/008787/07

BER/PIL/01/05.2018